Aptosimum *spesies (A.albomarginatum A.arenarium, A.lineare, A.lugardiae)*

E: Carpet flower

A: Veldviooltjie, Martha se viooltjie (A.lineare)

D: Herero-/Kalahari-/Namibiaveilchen (A.arenarium)

Die volksname word vir al die spesies gebruik, dis nogal moeilik om hulle uitmekaar te hou.

In tye wat dit droog en winderig is, waar die gras kortgevreet of kurkdroog en stowwerig is, voor die eerste verkwikkende reëns bekoor hierdie plante met hulle diepblou tot pers blomme die veldloper. Daar is andersins slegs droë, stokkerige takkies en kurkdroë blare wat nog nie afgeval het nie of netnet beginne uitloop, asook stukkies droë plantmateriaal en vere wat in die plant vasgevang is.

In Namibië is daar tot nou toe 15 *Aptosimum*-spesies bekend, waarvan ses in die sentrale hoogland en aangrensende gebiede voorkom. Feitlik al die spesies spog met die pragblomme. *Aptosimum* is baie geharde plante, hulle kan droogde weerstaan, skrik nie vir koue nie en ook nie daarvoor, dat hulle afgevreet word nie. Hulle loop maar net weer uit. Die kragreserves word in die wortels gebêre.

Die wortels is dan ook die plantdeel, wat grotendeels vir medisinale doeleindes benut word. Gewoonlik word dit gedroog en fyngemaal tot ‘n poeier. Hierdie poeier word gebêre en saam met ander bestanddele verwerk, as ‘n

siektetoestand optree. Verskillende siektetoestande word met verskillende *Aptosimum*spesies behandel, by voorbeeld:



Aptosimum arenarium se blare word gekook tot ‘n slymerige vloeistof ontstaan. Daarmee word ontsteekte oë behandel wat soggens met die gedroogde afskeiding toegeplak is; die siekte kom dikwels in wintermaande voor en is hoogs aansteeklik (pink eye). Die blaarpap trek ook vuilgoed uit ontsteekte wonde.

In droë tye word die kruid stompaf gevreet, dit loop na ‘n tydjie weer opnuut uit.

Aptosimum lineare word vars as geheel fyngestamp en in die vorm (seker ‘n pap) op ontsteekte nekkliere geplaas om die etter af te lei. Gedroog en fyngestamp kan dit in ‘n treksalf verwerk word.

Aptosimum albimarginatum se wortel word gekook of by koffie of tee gesit, om vrouens te reinig na geboorte en/of menstruasie. Maagaandoenings word ook met so ‘n tee behandel. Na ‘n siekte kan ‘n worteltee aan die verswakte liggaam weer krag gee

Ambeie, pitsere, swak geheue, maagaandoeninge, hoë bloeddruk is nog siektes wat met verskillende *Aptosimum* spesies behandel kan word.

In Botswana word blaasprobleme, velsiektes soos Impertigo, witseerkeel (deur die Europese inwoners) met *Aptosimum decumbens* (carpet flower) behandel. Diere vreet nie daaraan nie.

Aptosimum lugardiae is 'n opregte meertakkige struikie, geen medisinale gebruik is bekend nie.

Oor die algemeen kan ek net sê, dat hierdie pragtige "viooltjies" hoë dekoratiewe potensiaal vir kliptuine het en regtig die moeite werd is om te toets, veral die spesies wat 'n kort struik vorm soos *A. albomarginatum, A.lugardiae, A.spinescens* (hierdie ene het dorings en pragtige donkerpers blomme).

Inligtingsbronne:
Wildflowers, Waterplantsnand Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)
Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Flowering plants of the Kalahari dunes (Noël van Rooyen)
www.kyffhauser.co.za/Flora
Fotos *Aptosimum albomarginatum:* Silke Rügheimer (Danke!)

Teks en res fotos: Anka Eichhoff……September 2019